Lêer verw: 15/3/10-12/Erf_1432

Enquiries:
Mnr AJ Burger

15 April 2021

J Appollis
Posbus 110
RIEBEEK WES
7306

**Per Geregistreerde Pos**

Meneer/ Dame

**VOORGESTELDE VERGUNNINGSGEBRUIK OP ERF 1432, RIEBEEK WES**

U aansoek ontvang op 10 Maart 2021, rakende die onderwerp het betrekking.

Uit hoofde van die bevoegdheid wat ingevolge Raadsbesluit 4.1, gedateer 28 Maart 2019, aan die Senior Bestuurder: Bou-omgewing gedelegeer is, soos bepaal deur artikel 79(1) van Swartland Munisipaliteit: Verordening insake Munisipale Grondgebruikbeplanning (PK 8226, gedateer 25 Maart 2020), word die aansoek vir 'n vergunningsgebruik op Erf 1432, Riebeek Wes, ingevolge artikel 70 van die bogenoemde Verordening goedgekeur, onderhewig aan die voorwaardes dat:

**1. STADSBEPLANNING EN BOUBEHEER**

a) Die vergunningsgebruik magtig 'n dagsorgsentrum (Heavens Angels) vanuit 'n gedeelte van die bestaande woonhuis (groot ±38m²), soos in die aansoek voorgehou;
b) Nie meer as 20 kinders te enige tyd geregistreer sal wees of op die betrokke grondeenheid teenwoordig mag wees nie, tensy die dagsorgsentrum vergroot word;
c) Binnehuise speelarea soos volg voorsien word:
   (i) 'n Speelarea vir speel, eet en slaap moet verskaf word;
   (ii) Vir elke kind moet 'n binnenshuise speelarea met 'n minimum van 1,5m² vrye onbelemmerde vloerruimte beskikbaar wees;
   (iii) Indien daar geen buite speelplek op die perseel beskikbaar is nie, moet 'n binnenshuise speelarea met 'n vrye onbelemmerde vloeroppervlakte van 3m² per kind voorsien word;
   (iv) Die speelarea mag nie 'n gesondheidsoorlas veroorsaak nie;
d) Buitenhuise speelarea soos volg voorsien word:
   (i) 'n Buite speelarea van ten minste 2m² moet vir elke kind voorsien word;
   (ii) Afsonderlike buite speelareas moet vir verskillende ouderdomsgroepe voorsien word;
e) Die diens primêr van 'n dagsorg- of opvoedkundige aard sal wees en nie medies nie;
f) Die diens nie aangebied word buite die ure 06h00 tot 18h00 nie;
g) Die oorheersende gebruik van die wooneenheid die akkommodasie van 'n enkele gesin sal bly;
h) Bouplanne aan die Senior Bestuurder: Bou-Omgewing vir oorweging en goedkeuring voorgelê word vir die omskepping van die betrokke gedeelte van die woonhuis na 'n dagsorgsentrum;
i) Aansoek vir die oprigting van advertensietekens aan die Senior Bestuurder: Bou-Omgewing vir oorweging en goedkeuring voorgelê word;

j) Aansoek om 'n geskiktheidsertifikaat by die Afdeling: Omgewingsgesondheid van die Weskus Distriksmunisipaliteit gedoen word;
k) Geen voedselvoorbereiding vir maaltye vir die kinders op die perseel voorberei word nie;
l) Die dagsorgsentrum aan die vereistes van Departement van Maatskaplike Dienste sal voldoen en by die departement registreer word;

**2. WATER**

a) Die bestaande wateraansluiting gebruik word en dat geen bykomende aansluitings voorsien sal word nie;

**3. RIOOL**

a) Die bestaande rioolaansluiting gebruik word en dat geen bykomende aansluitings voorsien sal word nie;

**4. ALGEMEEN**

a) Die goedkeuring is, ingevolge artikel 76(2)(w) van die Verordening geldig vir 'n tydperk van 5 jaar. Die voldoening aan alle goedkeuringsvoorwaardes moet alvorens die dagsorgsentrum in bedryf gestel word en die gepaste okkupasiesertifikaat uitgereik is, geskied.
b) Die goedkeuring verleen nie vrystelling van die nakoming van enige ander regsprosedures, aansoeke en/of goedkeurings wat met die beoogde grondgebruik verband hou nie.

Die uwe

**MUNISIPALE BESTUURDER**
per Departement Ontwikkelingsdienste

AJB/ds

*Afskrif :* *Departement: Finansiële Dienste*
*Departement: Siviele Ingenieursdienste*
*Boubeheerbeampte*